ONGEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2008

NWK BEPERK

(Registrasienommer 1998/007577/06)

→ NWK se finansiële resultate verras

+49% WINS

+8% NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL

+10% INKOMSTE

	29 Februarie 2008 (ongeouditeer) R'000	28 Februarie 2007 (geouditeer) R'000
INKOMSTESTATE		
Inkomste	**3 163 108**	2 868 255
Wins voor finansieringskoste	**177 780**	101 469
Finansieringskoste	**(24 005)**	(3 561)
Wins na finansieringskoste	**153 775**	97 908
Inkomste erken volgens die ekwiteitsmetode van verantwoording	**697**	2 943
Wins voor inkomstebelasting	**154 472**	100 851
Inkomstebelasting	**(49 521)**	(30 810)
Wins uit voortgesette bedrywighede	**104 951**	70 041
Wins uit eindigende bedrywighede	**1 830**	1 644
Wins vir die jaar	**106 781**	71 685
VERHOUDINGS		
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**633,9**	586,1
Dividend per aandeel betaal (sent)	**31,0**	37,0
Dividend per aandeel verklaar (sent)	**23,0**	24,0
Verdienste per aandeel (sent)	**74,7**	50,1
Geweegde gemiddelde getal aandele uitgereik	**143 031 971**	143 031 971
BALANSSTATE		
Bates		
Niebedryfsbates	**288 948**	233 509
Eiendom, aanleg en toerusting en beleggingseiendom	**189 569**	175 098
Beleggings en lenings	**96 288**	56 703
Uitgesteldebelasting-bates	**3 091**	1 708
Bedryfsbates	**1 218 336**	975 922
Totale bates	**1 507 284**	1 209 431
Ekwiteit en laste		
Ekwiteit	**906 666**	838 244
Aandelekapitaal	**143 032**	143 032
Reserwes	**763 634**	695 212
Niebedryfslaste	**10 272**	13 942
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikheid	**9 425**	13 942
Langtermynlenings	**847**	-
Bedryfslaste	**590 346**	357 245
Totale ekwiteit en laste	**1 507 284**	1 209 431
STATE VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT		
Dividende betaal	**(44 340)**	(52 922)
Regstelling van fout van vorige tydperke	**-**	(1,406)
Wins vir die jaar	**106 781**	71 685
Inkomste direk teen ekwiteit erken	**5 981**	1 420
Netto verandering in ekwiteit	**68 422**	18 777
KONTANTVLOEISTATE		
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(73 755)**	(134 312)
Kontantvloei uit bedrywighede	**(14 691)**	(70 110)
Finansieringsinkomste	**62 061**	42 272
Finansieringskoste	**(24 006)**	(3 612)
Inkomstebelasting betaal	**(52 779)**	(49 940)
Dividende betaal	**(44 340)**	(52 922)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(78 711)**	331
Eiendom, aanleg en toerusting gekoop	**(21 432)**	(19 031)
Beleggingseiendom gekoop	**(350)**	(56)
Belang in filiale gekoop	**(8 615)**	-
Opbrengs by die vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting	**3 698**	6 039
Opbrengs by die vervreemding van beleggingseiendom	**-**	1 301
Opbrengs by die vervreemding van belang in geassosieerde maatskappy	**-**	5 589
Opbrengs by die vervreemding van beleggings	**-**	615
Lenings	**(52 171)**	413
Afbetalingsverkoopsooreenkomste	**93**	5 187
Dividendinkomste	**66**	274
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**2 394**	-
Verandering in kontant en kontantekwivalente	**(150 072)**	(133 981)

	29 Februarie 2008 (ongeouditeer) R'000	28 Februarie 2007 (geouditeer) R'000
SEGMENTONTLEDING		
Segmentinkomste	**3 163 108**	2 868 255
Graanbedryf	**1 346 100**	1 624 433
Handel	**1 146 283**	988 477
Nywerhede	**1 077 978**	483 115
Kredietverskaffing	**102 785**	71 650
Konsolidasie-aanpassings	**(510 038)**	(299 420)
Segmentresultate	**154 472**	100 851
Graanbedryf	**14 078**	36 818
Handel	**50 661**	30 517
Nywerhede	**63 925**	6 603
Kredietverskaffing	**57 159**	52 901
Netto korporatiewe uitgawes	**(31 351)**	(25 988)

REKENINGKUNDIGE BELEID

Ten spyte van 'n implementeringsdatum van 1 Januarie 2009 het die maatskappy die voorskrifte van Internasionale Rekeningkundige Standaard 23 reeds in die finansiële jaar geïmplementeer. Die implementering van dié standaard, wat die kapitalisering van die finansieringskoste verbonde aan kwalifiserende bates vereis, het 'n verandering in rekeningkundige beleid genoodsaak. Die verandering het egter geen invloed op die finansiële jaarstate gehad nie.

DIVIDENDE

Die direkteure stel 'n spesiale dividend, dividend nommer 24, van 4 sent per aandeel voor wat betaalbaar is aan alle aandeelhouers wat by kantoorsluiting op 29 April 2008 in die boeke van die maatskappy geregistreer is. Die dividend is onderworpe aan goedkeuring daarvan deur die aandeelhouers op die Algemene Jaarvergadering, is betaalbaar op of om en by 4 Julie 2008, en aandeelhouerrekenings sal daarmee gekrediteer word.

Die direkteure stel 'n finale dividend, dividend nommer 25, van 19 sent per aandeel voor wat betaalbaar is aan alle aandeelhouers wat by kantoorsluiting op 29 April 2008 in die boeke van die maatskappy geregistreer is. Die dividend is onderworpe aan goedkeuring daarvan deur die aandeelhouers op die Algemene Jaarvergadering, is betaalbaar op of om en by 4 Julie 2008, en aandeelhouerrekenings sal daarmee gekrediteer word.

KOMMENTAAR

NWK Beperk, 'n dinamiese en groeiende landboumaatskappy in die Noordwes Provinsie met goed gediversifiseerde filiale, lewer uitmuntende diens en produkte aan die landbou en die breër ekonomiese omgewing. NWK Beperk bied goeie waarde vir sy aandeelhouers deur konstante groei in aandeelwaarde.

Bedryfsoorsig

NWK behaal 'n groepwins na belasting van R106,8 miljoen vir die jaar onder oorsig. Hierdie prestasie is bereik ten spyte van die vernietigende droogte wat tussen Januarie en Maart 2007 geheers het.

Alhoewel graanontvangste gedurende die jaar die laagste in 15 jaar was, kon die graansegment steeds daarin slaag om 'n positiewe bydrae tot die groepresultate te maak.

Die handelsegment het nie net die begroting oorskry nie, maar die grootste bydrae nóg tot die groepwins gemaak. Nuwe geleenthede, goeie aankoopstrategieë asook koste- en voorraadbestuur het bygedra tot dié uitsonderlike prestasie. Die huidige produksieseisoen het afgeskop met goeie reën wat verkope van saad, kunsmis en ander produksie-insette gestimuleer het.

NWK se langtermynstrategie om te diversifiseer en in besighede te investeer wat sy kernbesigheid van graanhantering en -bemarking, asook die verskaffing van produksiemiddele aan produsente ondersteun, kon gedurende dié finansiële jaar werklik na waarde geskat word. Die nywerheidsegment se wesenlike bydrae tot die groepwins kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat Epko gunstige marktoestande benut het en Noordwes Voere, wat sedert die begin van die finansiële jaar 'n volfiliaal van NWK Beperk is, 'n sterk vraag na veevoer van gehalte ondervind het.

Die daarstelling van termynstrukturering van oorlaatskuld vir kwalifiserende produsente, tesame met verhoogde aanplantings en styging van insetkoste, het 'n drastiese toename in debiteure en lenings tot gevolg gehad met 'n gepaardgaande styging in finansieringskoste. Die kredietverskaffingsegment se toename in bydrae tot die groepwins kan hieraan en aan die verhogings in rentekoerse toegeskryf word.

Vooruitskouing

Stygende rentekoerse en laer spanderingsvermoë van verbruikers gaan 'n negatiewe impak hê op veral kleinhandelaktiwiteite. Prysstygings van produksiemiddele plaas ook 'n demper op produsente se optimisme.

Te midde van die uitdagings ervaar landbou 'n tydperk van voorspoed met goeie reën, hoër kommoditeitpryse en die vooruitsig dat graanpryse op relatiewe hoër vlakke sal bly weens lae wêreldwye graanvoorraadvlakke. 'n Goeie oes is op hande en heelwat produsente behoort in staat te wees om skuldvlakke af te bring.

Verhoogde graanhantering in die komende seisoen asook die beplande hoenderprojek onder die naam Opti Chicks laat NWK opgewonde oor die toekoms.

MAGTIGING

Die gekonsolideerde resultate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 is deur die Direksie op 29 April 2008 vir uitreiking gemagtig en namens hulle onderteken deur mnre H Krüger (Voorsitter) en DF Marais (Besturende Direkteur).

DIREKTEURE EN AMPTENARE

H Krüger (Voorsitter); L Vermooten (Ondervoorsitter); FH Badenhorst; JP du Preez; JF van der Merwe; CF van Niekerk; DF Marais (Besturende Direkteur); JA Grobbelaar (Direkteur: Graanbedryf); DW Lotter (Direkteur: Handel); TE Rabe (Finansiële Direkteur), PD Jacobs (Hoofbestuurder: Nywerhede/Filiale); JG Steyn (Groepsekretaris)

NWK Beperk

Scholtzstraat 81, Posbus 107, Lichtenburg, 2740, Tel: (018) 633-1000, Faks: (018) 633-1900

Aandeleverhandeling en Oordragsekretaris

NWK Sekretariaat, Posbus 107, Lichtenburg, 2740, Tel: (018) 633-1000

Infoworks (018) 468-2716